

INHOUDSOPGAAF.

	BL
I. HERINNERINGE VAN KAREL TRICHARDT .	4
Inleiding	1
Openbaarmaking	1
Die Odé-tekst	2
Karl Johannes Trichardt	3
Behandeling	3
II. GEDENKSKRIF VAN ANNA STEENKAMP (RETIEF)	30
Inleiding	27
Opname	27
Die Tekst	27
Die Skryfster	29
III. DAGBOEK VAN ERASMUS SMIT	60
Aanleiding tot die uitgaaf	54
Die Schoon-tekst	54
Die Auteur	56
Behandeling van die Tekst	59
IV. BIJLAE	279
Uittreksel uit 'n brief van mevr. S. G. Smit	279

DIE BURGERLEESKRING.

TWEDE REEKS.

DIE BURGERLEESKRING het in die jaar 1918 tot stand gekom. Die uitgesproke doel van die onderneming was om die Afrikaanse volkswil te steun in sy strewe na 'n vrye en selfstandige kultuur.

Die heer F. Dormehl, destyds Sekretaris van die Nasionale Pers, het ongetwyfeld die grootste aandeel in die oprigting gehad; maar ook die heer C. J. Ruysch van Dugteren het, as Sekretaris van die Leeskring, veel tot die eerste sukses daarvan bygedra. Dit was dan ook vir ons Saak 'n verskriklike verlies toe dié twee onvermoeide werkers in Oktober 1918 aan die Spaanse griep beswyk het. Met dankbaarheid herdenk ons hier hulle geesdrif en ywer in belang van die Afrikaanse volk.

Die Eerste Reeks van DIE BURGERLEESKRING, waarvan die eerste nommer in Julie 1918 verskyn het, het uit die volgende ses dele bestaan :--(1) *Voortrekkermense*, 'n vyftal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek, deur Gustav S. Preller; (2) *Immensee en ander Verhale* van Theodor Storm, uit Duits vertaal deur adv. H. A. Fagan; (3) *Bang vir die Lewe*, 'n roman van Henri Bordeaux, uit Frans vertaal deur Jan F. E. Celliers; (4) *Die Misdade*

van die Vaders, 'n oorspronklike verhaal uit die dae van die Voortrekkers, deur A. du Biel ; (5) *Noordwaarts!* 'n oorspronklike verhaal uit die Dorsland-trek, met historiese bylae, deur A. J. van der Walt; en (6) *Twee Dramas: Die Skoonseun van Meneer Poirier*, 'n blyspel van Augier en Sandeau, uit Frans vertaal deur dr. D. F. Malherbe, en *Die Koerantskrywers*, 'n blyspel van Gustav Freytag, uit Duits verafrikaans deur dr. J. F. W. Grosskopf.

Verskeidenheid was daar dus genoeg. Naas geskiedkundige werke vind ons toneelstukke, romans, en kort verhale; en naas oorspronklike Afrikaanse boeke staan van die beste voortbrengsels van die buiteland—voortbrengsels wat ons in meer as één opsig kan help by die ophou van ons eie Afrikaanse letterkunde.

Hoewel ons weet dat al die nommers van die Eerste Reeks nie dieselfde mate van goedkeuring hy ons intekenaars geniet het nie, en hoewel ons ook volkome bewus is van die feit dat daar op meer as één plek verbetering moontlik is, tog voel ons oortuig dat die boeke in 'n behoefte voorsien het. Verskeie van die nommers is reeds uitverkoop ; en nie alleen ontvang ons elke dag blyke van waardering en belangstelling nie, maar ons word ook van bevoegde sy verseker dat die Eerste Reeks as 'n geheel ons opkomende Afrikaanse letterkunde en boekdrukkuns tot eer strek. Ja, die aanmoediging wat ons in ons werk ontvang het, is so groot Bewees dat ons nou met vertroue

oorgaan tot die uitgee van 'n Twede Reeks van ses boeke.

By die keuse van die afsonderlike nommers van die nuwe Reeks het die Keurkommissie hom weer beywer om net werke te gee wat ná verloop van jare nog hul waarde sal besit, en wat nuttig kan wees nie alleen om 'n gesonde leeslus op te wek en aan te vuur nie, maar ook om die intellektuele ontwikkeling van ons Afrikaanse volk te bevorder. Daar sal weer oorspronklike Afrikaanse werke gegee word sowel as vertalings van die beste produkte van ander lande; en daar sal ook weer 'n groot verskeidenheid wees wat betref inhoud en strekking.

Ons bied hiermee aan ons Afrikaans-lesende publiek die eerste nommer van die Twede Reeks van DIE BURGERLEESKRING aan ; en ons vertrou dat hierdie Reeks, net soos die Eerste, in die smaak sal val.

Vir welwillende wenke en opbouende kritiek sal ons altyd dankbaar wees.

W. BLOMMAERT,

H. A. FAGAN, Keurkommissie.

J. J. SMITH,